

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 14 Augustus 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: Gen 2: 25 – 3: 10.

Fokus: Gen 3: 7.

Skaamte dryf ons om sondes vir God te probeer wegsteek.

Omgee:

- Hendrik Fritz is oorgeplaas na kamer 13 in Ons Huis Tehuis vir Bejaardes in Madlinestraat in Florida.
- Martie Ackerman is met kanker gediagnoseer en ontvang chemo behandeling.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:

- **Aanderediens** vandag om 17:30.
- Ds Stephan se **kategesegroep** kom weer vanmiddag om **17:00** in die kuierkamer bymekaar.

- **Kursusse en seminare** vir hierdie kwartaal: **19-20 Aug FFI Finansies Bergbron**; 26-27 Aug Oorwinnaars vir Kinders Bergbron; 2-4 Sept Victory in Jesus Christ GK Meadowlands; 16-18 Sept Oorwinnaars Nelspruit; 23-25 Sept Oorwinnaars Reitz.
- **Die diakens vergader** DV volgende Sondag (21/08) na die erediens.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – **vandag** skink Groep 4: Martie, Welna en Michelle. Volgende Sondag is dit Groep 5, se beurt.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Teelepel-ete! 28 Augustus 2016

Die Vroue-aksie herinner almal aan die Teelepel-ete met die volgende Nagmaalsondag. Ons wil 'n spesiale uitnodiging rig aan ons nuwe lidmate, sodat ons mekaar beter kan leer ken.

Jy kan Help

- Diakens vra: Komberse en tweedehandse klere – gee vir Carel Cornelissen
- Amanda Kotze (074 960 4142) is op soek na 'n tuinwoonstel om te huur.

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

16/08	WESLEY ABOURIZK	071 492 7375	
17/08	SANDRA PIENAAR	083 306 4456	
19/08	JOHANNA DE KLERK	082 456 4697	011 673 4483
19/08	HEFER VENTER	083 268 4478	011 673 4708

Mag die Here jou oorvloedig seën

Gebed: L.W. Teen die Gety –Gebruik jou sleutelmag! (*Deel 2 volg 21/08*)

Wag in stilte op God se stem: Geneem uit dagstukkies - Gerjo Ben van Kruispad Efesiërs 6:10-20

Ek sukkel om te bid.

Dit is nie omdat ek nie wil nie. Nee, ek sukkel om my gedagtes te rig. Ek sukkel om te konsentreer en probeer my bes om te fokus. Maar as ek aan die einde van my gebed terugkyk, het ek onder andere my karavaan se afdak se probleme opgelos en gedink aan waar ek nog in God se Koninkryk kan saai en nog vele meer. Ai, ek kan net nie my gedagtes die heelyd in my gebed vashou nie.

Tog moet ons nooit ophou bid nie. Die krag van gebed moet 'n mens nooit onderskat nie. Corrie ten Boom het gesê dat gebed die enjinkamer is van elke gemeente. As daar dus nie veel gebede uit 'n gemeente opgaan nie, gaan daardie gemeente nie vêr kom nie.

Dit geld ook vir jou en my. As ons nie genoeg bid nie, gaan ons enjin nie vinnig genoeg loop om ons êrens in die wêreld te bring nie. Daarom: **18Dit maak nie**

saak wat gebeur nie, julle moet altyd bid. Praat met God en vra Hom wat julle wil weet.

Ons moenie ophou bid nie! Bid die hele dag! Vir elke liewe dingetjie, bid! En weet jy wat? **18... Die Heilige Gees sal julle daarmee help**

Elke dag worstel 'n mens met 'n klomp dinge. Ons kom by die kruispaaie van die lewe en weet nie herwaarts of derwaarts nie. Vir elke vraag is daar teenoorgestelde antwoorde. Selfs mense wat ons vra se antwoorde stem nie ooreen nie. Daar is mense wat groot beroepskeuses moet maak. Sommige moet besluit wat met die kinders moet gebeur. Maar ook gewone alledaagse keuses. Hoe weet 'n mens wat is die regte een?

Ons sukkel om stil te word, maar wanneer die *paw paw* die *fan strike*, roep ons gou na Bo. Ja, hulle sê mos nood leer bid. En ons gryp met alles wat ons het na God en verwag dan dadelik die kitsoplossings waar ons net water hoof by te gooi. So amper soos toe Jesus water in wyn verander het.

Dit is reg, ons kan vra, ons moet vra, want God het tog altyd die antwoord, maar nou kom die groot vraag: Wag ons altyd op 'n antwoord? Wag ons om God se stem te hoor, of gee ons maar net opdragte hier van ons kant af?

Ons moet wag op God se stem. Dalk nie 'n hoorbare geritsel in jou oor nie. Is daar genoeg tyd dat God in jou gedagtes kan werskaf sodat jy jou antwoord kan kry?

Daar is duisende stories wat 'n mens kan vertel van gebed wat werk. Hier is 'n eenvoudige, kragtige een:

Ek laai my seun by die skool af en met die terugry stop ek by 'n vrou wat langs die pad loop. Ek het gestop by die vrou en haar 'n lift gegee. Ek kon sien sy is hartseer. Ek vra haar: "Nee, mama, wat is fout vanoggend?"

Sy vertel sy soek werk al vir 3 dae en dat sy so moedeloos is, want sy kry nêrens werk nie.

Ek se toe: "Kom ons bid net saam en vertrou daar sal wel werk kom." So bid ek en sy in my kar voor ek haar aflaa.

Ek kry haar weer so maand terug langs die pad. Sy omhels my en sê: "Mama, ek het werk gekry vir elke dag van die week. Dankie dat Mama saam met my gebed het".

Ek is skoon in trane en ons bid weer saam om vir die Here dankie te sê vir Nannatjie se werk!

My vriend, kom ons maak tyd om stil te word voor God. Kom ons maak nou 'n date. Kom ons gaan raak stil sodat ons weer vir God hier in ons gedagtes kan hoor. En onthou, moenie ophou bid vir jou gesin, vir jou vriende, vir die vreemdes en die swakkes en ook vir jou vyande nie. Eintlik is dit soort van 'n opdrag: **18... Onthou dit en moenie julle onkant laat vang nie. Moet ook nie vergeet om gedurig vir julle mede-Christene te bid nie. En moenie van my vergeet nie.**

Om oor na te dink

Hoe laat kan jy elke dag 'n afspraak met die Here maak?

Wat wil jy van Hom hoor?

Waarmee sukkel jy?

Gebed

Onse Vader wat in die hemel is, dankie dat U ook hier op aarde is. Dankie dat U my nou hoor. Ek wil so graag meer tyd saam met U bestee. Ek wil by U hoor hoe ek moet maak. Help my om daagliks 'n afspraak met U te maak en dit na te kom. Amen

Die Lewende Woord vir Jou Vandag

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Gen 2: 25 – 3: 10.

Fokus: Gen 3: 7.

Skaamte dryf ons om sondes vir God te probeer wegsteek.

1. Oorsprong van skaamte.

- Voor sondeval was daar geen skaamte (Gen 2: 25). Na die sondeval was die eerste reaksie by die mens skaamte en vrees (Gen 3: 10).
- Adam en Eva se gewetensoë het oop gegaan nadat hulle gesondig het en skuldig gestaan het.
- Sonde is die oorsprong van skaamte – sonde wat jyself doen asook sondige dae wat ander teenoor jou doen.

2. Gevolge van skaamte.

- Adam en Eva het hulle skaamte probeer bedek deur klere van vyeblare te maak en vir God te probeer wegkruip.
- Alle maniere wat ons gebruik om ons skaamte mee te bedek is tevergeefs en nietig soos klere van vyeblare.
- As jy vanweë sonde soos ‘n hopelose mislukking voel, bely dit eerlik voor die Here en aanvaar die vergifnis in Christus (1 Joh 1: 9).
- Bid dat die Heilige Gees deur die Woord jou geloofsoë sal oopmaak sodat jy jouself sal sien soos God na jou kyk in Christus.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Wat is die verskil tussen skuldgevoelens en skaamte?
- Wat beteken dit dat Adam en Eva se oë na die sondeval oopgegaan het?
- Noem maniere waardeur skaamte op mense geplaas word?
- Wat is gewoonlik die reaksie as mense skaamte ervaar?
- Watter maniere gebruik ons vandag om ons skaamte mee te bedek?
- Hoe maak Christus ons vry van skaamte?

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,
stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219,
076 867 3125, zooch234@gmail.com

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek.
180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

kantoor@bergbron.org.za

NG KERK LINDENPARK



BASAAR

**H/V BRAM FISCHER EN CENTRAL LAAN,
LINDEN UITBREIDING, RANDBURG**

27 Augustus 2016

9:00 - 14:00

**VERSKEIE STALLETJIES MET HANDGEMAAKTE WARE
KERRIE EN RYS, HAMBURGERS, PANNEKOEK,
VETKOEK, KOFFIE, TEE, ENS.**

**AKTIWITEITE VIR DIE HELE FAMILIE:
TEETUIN, SKYFSKIET, KASKARRE, SKATTEJAG,
KINDERMARK, SPELETJIES EN VELE MEER**

BESPREEK 'N TAFEL EN KOM VERKOOP JOU EIE GOEDERE

**TEL: 011 782 0203
info@lindenpark.co.za**